Die Aardbewing

Skrywer: *Edith Kriel*
Kunswerk: *Bernice Miya*
Tema: *Om nie op te gee as 'n taak onmoontlik voel nie, een tree op 'n slag*
Gepaste ouderdomsgroep: *8 jaar en ouer*

Eendag was daar 'n jong man met die naam van Tebogo, wat "Ons is dankbaar" beteken in seTswana, een van Suid Afrika se tale. Sy ouers was baie gelukkig toe hy gebore is! Hy het sterk, goedhartig en aantreklik grootgeword. Hy het baie goeie dinge vir die mense in die dorpie gedoen. Die mense het van hom gehou en baie van die jong kinders het opgekyk na hom en wou net soos hy wees.

Eendag , teen middag, het donkerte oor die dorpie gekom. Die aarde het geweldig geskud en oopgeskeur. Mense se hutte was afgebreek en bome het omgeval. Skielik het 'n groot kraak in die aarde geskeur waar Tebogo gestaan het en hy het in dit geval. Hy het homself op die bodem van 'n baie diep en donker gat gevind. Hy was vasgekeer onder groot klippe en daar was so baie stof dat hy gesukkel het om asem te haal. Hy het sy oë toegeknyp en gehoop om die chaos en gemors te laat verdwyn – maar toe hy sy oë oopmaak was hy nogsteeds daar vasgevang. Hy het vir 'n lang tyd in skok daar gelê.

Tebogo het gedink: "Ek is 'n sterk man met magtige spiere – ek kan sekerlik myself uit hierdie gat forseer". Hy het vir ure lank gedruk en gestoot, 'n bietjie gerus, dan nog gedruk en gestoot, maar die klippe bo hom het skaars beweeg. Later was hy uitgeput en sy arms en bene het gebloei. Hy het daar gelê en dink: "Ek is sterk maar nie sterk genoeg om hier uit te kom nie. Ek weet ek sal nooit weer sonlig sien nie. Ek sal hier doodgaan".

Terwyl Tebogo daar lê en wag vir die dood het hy onthou van die storie wat die wyse vrou van die dorpie vir hom vertel het. Die hoofgedagte van die storie was: "Dis nie die fisiese sterkte van 'n man wat berge kan verskuif nie, maar die sterkte van sy siel wat weet om die berg te verskuif een klip op 'n slag". Tebogo het altyd sy spiere gebruik om uit moeilike situasies te kom, so

eers toe hy die storie gehoor het, het hy gedink die vrou was mal.

Maar noudat hy diep in die aarde lê verstaan hy die boodskap van die storie. Dit maak nie sin om al die klippe op een slag te probeer skuif nie. Geen man is sterk genoeg om dit reg te kry nie, maar wat as hy een klip op 'n slag aanpak? En so het Tebogo al sy energie gebruik om een klip op 'n slag te skuif. Een klip op 'n slag en so het hy aangegaan. Elke keer wat hy gevoel het dat hy nie meer kan nie, het hy die woorde van die wyse vrou onthou.

Dit het baie ure van harde werk geneem voordat Tebogo die sonlig bo sy kop gesien het. Hy het nog baie klippe gehad om te skuif, een op 'n slag, maar hy het geweet sy siel die stryd gewen het. Hy gaan lewe om nog 'n dag te sien!

?